Wyle regter J N C de Villiers KC

Huldeblyk deur appèlregter Hennie van Heerden, Bloemfontein

JACOB Nicolaas Carel de Villiers is op 13 Januarie 1909 in Bloemfontein gebore en het in 1926 aan Grey Kollege, Bloemfontein, gematrikuleer. In onderskeidelik 1929 en 1931 het hy die BA- en LLB-grade aan die destydse Grey Universiteitskollcgc verwerf.

In 1932 het Nic as lid van die Vrystaatse Balie as advokaat in Bloemfontein begin praktiseer. Ondanks die moeilike depressiejare het hy betreklik gou 'n stewige praktyk gehad. Die rede was dat hy onder prokurcurs bekcnd geword het vir sy deeglikheid, regskennis en vernuf.

In 1948, toe Nic nog slegs 39 jaar oud was, het hy KC status verwerf. Slegs vyf jaar later is hy as regter van die Vrystaatse Provinsiale Afdeling aangestel.

In 1972 het hy regter-president van daardie afdeling geword en in 1976 is hy as regter van hierdie hof aangestel. Ongelukkig het sy sig agteruitgegaan met die resultaat dat hy reeds die volgende jaar vroegtydig afgetree het.

Nic was te kort 'n lid van hierdie hof om werklik 'n stempel op die werksaamhede daarvan af te druk. Nietemin het hy as appèlregter bykans al die kwaliteite openbaar waaroor hy as provinsiale regter bekend geword het. Hy was altyd goed voorbereid en omdat hy 'n goeie juris was, het hy met insig geluister na die argumente wat voor hom geopper is. Sy talle uitsprake getuig daarvan. Ek verwys slegs na 'n enkele voorbeeld. In *Van Zyl v Credit Corporation of SA Ltd* 1960 (4) SA 582 (A) het hierdie hof 'n appèl teen 'n uitspraak van Nic aangehoor. Hy het beslis dat indien 'n verkoper sy regte uit 'n huurkoopkontrak aan 'n derde sedeer het, die koper paaiemente aan die derde betaal het, en daarna die huurkoopkontrak weens 'n wanvoorstelling van die verkoper gekanselleer het, hy nie van die derde terugbetaling van die paaiemente kon vorder nie. Na 'n deurgronding van die gemene reg en algemene beginsels van die kontraktereg het die appèlhof vir Nic gelyk gegee.

Net soos Pierre Rabie was Nic ook 'n ware heer, beide as mens en regter. Onlangs het die huidige regter-president van die Vrystaatse Provinsiale Afdeling tereg die volgende oor Nic se kwaliteite gesê:

> "... he always remained the perfect gentleman and exemplary Judge who invariably, and without fail, conducted himself on the Bench with excellent judicial decorum and who held the judicial reins firmly in his capable hands. To put it shortly he was a very good judge and he was considered by his peers as such and he was, therefore, greatly respected by his Brother Judges and by the Bar and by the Attorneys".

Wyle regter Nic de Villiers

Ook Nic se belangstelling was nie net tot die regte beperk nie. Een van sy stokperdjies was die beeldende kunste en hy was dan ook president van die Vrystaatse Kunsvereniging. Sy belangstelling in sport blyk order andere daaruit dat hy vise-president van die Vrystaatse Tennisbond was.

Nic is oorlede op 1 Februarie 1998 in die geseënde leeftyd van 89 jaar. Hy was getroud met Maida Hendrikz, dogter van 'n prokureur van Brandfort, en word oorleef deur haar, 'n dogter en vyf kleinkinders. Ons dra ons diepgaande meegevoel oor aan Maida en die gesin met die groot verlies wat hulle gely het.

The late Judge Philip Meskin SC

Tribute by Judge President J A Howard, Durban

PHILIP Maurice Meskin was born on 9 April 1934 and so was only 63 years of age when he died. He leaves his widow, Paddy, and three children – Tamar, Mark and Justine. He was the son of the late Lionel Meskin who for many years was a well-known and respected attorney in this city. Philip matriculated at the Parktown Boys' High School in 1951 and then enrolled at the University of the Witwatersrand, from which he graduated with a BA degree in 1954 and an LLB in 1957. He was admitted as an advocate in March 1958 and practised at the Bar in Durban for no less than 38 years. He took silk in 1976 but gave up practice as an advocate in 1981 in order to qualify as an attorney. Six months later he returned to the Bar and resumed practice as a very senior junior, specialising in commercial, company and insolvency law. He wanted to resume practice as a silk for the unselfish reason that his previous



The late Judge Philip Meskin